**8 DESEMBER** **SKRIFGEDEELTE: JESAJA 26:16-21**
**FOKUSGEDEELTE: JESAJA 26:16**

## God luister na ons roepstem

Hoeveel gelowiges het al bely dat hulle swaarkry die beste deel van hulle lewens geword het? Want, is hulle rede, dit was die tyd toe ons weer op God in plaas van ons eie vermoëns vertrou het. God gebruik swaarkry en nood sodat ons weer in afhanklikheid na Hom sal roep!

Hiervan is die volk van God aan wie Jesaja skryf `n sprekende voorbeeld. Terwyl dit goed gegaan het, het hulle vergeet waar hulle voorspoed vandaan gekom het (vs. 15). Dit is God wat die volk laat groei het en hulle landsgrense uitgebrei het. Hulle het egter al meer op hulle eie vermoëns vertrou en hulle afhanklikheid van God vergeet. Selfs toe dit swaarder gaan, het hulle steeds op eie krag probeer om die wa deur die drif te kry. Met rampspoedige gevolge! Vers 18 beskryf die gevolge van hulle eie probeerslae.

Eers toe die volk se swaarkry so groot geword het dat hulle nie herwaarts of derwaarts geweet het nie, het hulle God in nood aangeroep. Nie uit eie wil nie! Die wat by God hulle krag soek, ontvang weer lewe! Soos dou lewe gee in `n droë woestyn, so gee God se krag lewe aan dié wat daarna vra! Glo en jy sal lewe! (Vergelyk vs. 19.)

Om swaar te kry, is vir niemand aangenaam nie. Ongelukkig moet ons soms gedwing word om ons nood aan God toe te vertrou, om te erken dat ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. God luister na ons roepstem. Al wat ons moet doen, is vra (Ps. 50:15): "Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jou eer."

*Sing: Psalm 61:1, 4, 6* *Ds Reinier van der Klashorst (Elandspoort)*